PROKUREURSEKSAMEN

DEEL 3

PROKUREURSPRAKTYK

18 MAART 2021

09:00-11:15 Totaal: [100]

Kandidate word 15 minute gegun om die vraestel deur te lees voordat hulle die vrae beantwoord. Geen kandidaat mag tydens hierdie tyd in die antwoordboek begin skryf nie. Die eksamen van 2 uur volg dan.

1. Kandidate moet al die vrae beantwoord.

2. Kandidate moet daarop let dat punte vir goeie opstelwerk toegeken word.

3. Kandidate moet, soos nodig, hulle eie feite versin.

4. Skryf asseblief slegs in pen op die regterkantse bladsye.

5. Kandidate hoef nie ‘n mondeling af te lê as 50% of meer behaal is nie, behalwe in uitsonderlike omstandighede. Kandidate wat minder as 40% behaal, kwalifiseer nie vir ‘n mondeling nie en het in hierdie afdeling gedruip.

NB! Die hoeveelheid punte vir elke vraag is aanduiend van die lengte van elke antwoord.

AFDELING A

U kliënt, mev. A is 'n weduwee met drie (3) minderjarige kinders. Sy het aansienlike bates van haar ouers en oorlede man geërf insluitende 'n groot handelsonderneming en gebou van woonstelle en kantore wat uitverhuur word. Sy vind die sakebelange veeleisend en raadpleeg u oor probleemaspekte.

Dié feite geld vir al die vrae in die afdeling.

VRAAG 1 [17]

U word versoek om 'n standaardhuurkontrak op te stel wat vir alle huurders gebruik kan word. Bewoord geskikte klousules vir die volgende aspekte:

1.1 Die reg van huurders om hulle kontrakte te verleng / hernu na die eerste huurtydperk; (5)

1.2 Die gebruiklike beperking op onderverhuring; (4)

1.3 Verbeterings of aanhegtings aan die persele deur huurder wat eienaar sal beskerm. (8)

VRAAG 2 [9]

Sy onderhandel die verkoop van die handelsaak aan 'n nuwe maatskappy wat deur 'n welgestelde sakemen, mnr. B opgerig is. Verduidelik kortliks aan haar hoe die transaksie geraak mag word deur die volgende wetgewing (wat dus in die koopkontrak behandel sal word):

2.1 Wet op Arbeidsverhoudinge; (3)

2.2 Die Insolvensiewet; en (3)

2.3 Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde. (3)

VRAAG 3 [10]

U waarsku mev. A dat hoewel mnr. B welgesteld mag wees, die nuwe maatskappy nog geen bates het nie. Sy gee u opdrag om 'n kort borgakte op te stel vir ondertekening deur mnr. B wat binne gemeenskap van goedere getroud is. Stel ook enige toestemmings op.

VRAAG 4 [6]

Mev. A en haar oorlede eggenoot het borggestaan vir oortrekkingsgeriewe en vra u na die betekenis van die volgende eksepsies waarvan hulle moes afstand doen:

4.1 *Beneficium excussionis* (uitskudding); (2)

4.2 *Beneficium divisionis* (verdeling); (2)

4.3 *Beneficium cedendarum actionem* (voorreg van sessie van aksie). (2)

Verduidelik elke eksepsie.

VRAAG 5 [12]

Mev. A se rekenmeester raai haar aan om 'n trust vir die voordeel van haar minderjarige kinders op te rig. Verduidelik aan haar die volgende:

5.1 Hoe 'n trust opgerig / geskep kan word; (2)

5.2 Welke partye wat by die trust betrokke sal wees, moet geïdentifiseer word; (3)

5.3 Waar en hoe 'n trust geregistreer word. Noem die vereiste dokumente. (7)

VRAAG 6 [6]

Weens haar gebrek aan sake-ervaring laat mev. A toe dat 'n aantal eise verjaar. Verduidelik aan haar die gevolge van verjaring wat betref haar regte en moontlike verdere optrede.

AFDELING B

U is 'n ervare prokureur wat in 'n groot plattelandse dorp met 'n distriks- en streekshof praktiseer. U word gereeld deur jong kollegas wat vir eie rekening of by die Regshulpkliniek praktiseer, geraadpleeg oor etiese en professionele kwessies. Welke raad sal u gee oor die onderstaande probleme?

VRAAG 1 [9]

Kollega W wil weet presies hoe hy sy pligte moet verrig as 'n persoon 'n verklaring voor hom as Kommisaris van Ede, beëdig.

VRAAG 2 [9]

Dui aan by welke forum, tribunaal of kantoor u die onderstaande verligting sal soek.

2.1 Terugvordering van u bates ter waarde van R14 000. (1)

2.2 Magtiging om 'n testament wat nie aan die formaliteite in die Wet op Testamente voldoen nie, as geldig te aanvaar. (1)

2.3 Skadevergoeding op grond van 'n motorvoertuigbotsing waar die beseerdes (bestuurder en passassier) albei in die bestek van hulle normale diensplig opgetree het. (2)

2.4 Tussentydse onderhoud, bydrae tot koste, tussentydse beheer en toesig in 'n hangende egskeidingsgeding. (2)

2.5 Likwidasie van ‘n Beslote Korporasie. (1)

2.6 Deregistrasie van ‘n Beslote Korporasie. (1)

2.7 Administrasiebevel vir ‘n persoon wat nie sy/haar skulde kan betaal nie. (1)

VRAAG 3 [5]

Waar en hoe registreer u ‘n privaat maatskappy vir winsbejag?

VRAAG 4 [4]

Waarom kan dit voordelig wees om sake te doen deur ‘n regspersoon (juridies) eerder as ‘n vennootskap of eenmansaak?

VRAAG 5 [6]

Hoe word die regte afgedwing van ‘n persoon wie se prokureur nalatig was deur ‘n eis te laat verjaar?

VRAAG 6 [5]

Prokureur X huur kantore langs die Landdroshof waar hy hoofsaaklik praktiseer. Hy word goed ondersteun deur toevallige kliënte vir die opstel en liasering van pleitstukke en die opstel en verlyding van dokumente en kontrakte. Hy vind dat die maak van afskrifte lonend is want hy het ‘n goeie grootmaat fotostaatmasjien. Hy sou veel meer kopiëring verwelkom. Sou dit toelaatbaar wees om ‘n kennisgewing aan te bring wat lui:

“PROKUREUR X, SPESIALIS IN LANDDROSHOF EISE, VINNIGSTE IN VERLYDINGS, BESTE EN GOEDKOOPSTE IN FOTOSTAAT-DIENSTE.”

Bespreek kortliks.

VRAAG 7 [2]

In welke van die volgende wyses kan u ‘n kritieke maar ongesofistikeerde en pennielose getuie bystaan sodat u haar in ‘n strafbare mansslag-saak kan roep en gebruik:

7.1 Geld verskaf vir reiskoste om bywoning te verseker; (½)

7.2 Vooraf ‘n onderhoud voer sodat sy by verhoor meer op haar gemak sal wees; (½)

7.3 Stel ‘n beëdigde verklaring op wat haar getuienis vervat en wat sy voor die hof kan bevestig; en (½)

7.4 Gee haar voorbeelde van die vrae wat u op verhoor gaan stel. (½)

- DIE EINDE -